JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 5 11 - 18 FEB 2022

WINTERSKLEREBESTELLING:

Daar word **slegs een bestelling** vir 2022 se wintersklere geplaas en ouers het tot **Vrydag, 18 Februarie 2022** kans om windjakkers (warm baadjies) en sweetpakke vir hulle kinders te bestel. Hou in gedagte dat die korrekte wintersdrag **verpligtend** is vir al ons leerders.
Volledige inligting, asook die bestelvorm is op **nuusbrief 2** beskikbaar.

KOSHUIS:

Ouers en leerders moet hulle solank gereed kry vir hierdie jaar se **DONKEY DERBY** wat op 3 Maart 2022 plaasvind. **Dit gaan groot pret wees!**

NAUTILUS:

Nautilus is 'n Wiskunde Kompetisie vir gr 4 – 7 leerders wat elke kwartaal plaasvind op 'n Saterdag in Bloemfontein. Dit is vrywillig en ouers moet leerders self vervoer. Die koste daaraan verbonde is R200 wat verversings en 'n ligte middagete insluit.
Kwartaal 1 se kompetiesie vind plaas op **Saterdag, 19 Februarie**. Leerders wat wil deelneem kan R200 by juffrou Elza inbetaal nie later as **Maandag, 14 Februarie** nie.

ATLETIEK:

Baie geluk aan al die atlete wat deelgeneem het aan die Sone byeenkoms in Bloemfontein en deurgaan na die Motheo/Xhariep op Donderdag, 17 Februarie.
Busse sal weer om 04:30 vertrek, leerders moet reeds om 04:20 by die skool wees.

TENNIS:

Xhariep tennisproewe
Ouderdomme: 0/10 + 0/12 – Speel met "green dot" balle
0/14 – Speel met "orange dot" balle.
Datum: Vrydag, 25 Februarie
Plek: Mangaung Stadion Tennisbane (langs die Vrystaat Krieket -en Rugbyveld, Bloemfontein)
Tyd: Registrasie 07:30 – wedstryde begin 08:00
Inskrywingsgelde: R200 per speler (betaalbaar in kontant by Liané) + 3 gemerkte balle.
Spelers moet reeds wedstryde gespeel het asook self kan telling hou. Ouers moet asseblief vir Liané voor Dinsdag,15 Februarie in kennis stel of u kind gaan speel. Ouers moet net daarop let dat leerders met eie vervoer sal gaan.

BUITEMUURS:

Buitemuurs het reeds hierdie week begin soos op die Februarie rooster. Ouers moet asseblief seker maak hulle het die rooster en dat hulle die kinders op die korrekte tye stuur/bring.
Atletiek oefening sal Dinsdag 14:15 – 15:15 wees vir alle atlete wat Motheo/Xhariep toe gaan.

JOS VALENTYNS VERKOPE:

Ondersteun asseblief vir JOS, Maandag, 14 Februarie, 1ste pouse met hul Valentyns verkope. Hulle het **sakpas** geskenke, lekkernye, koffiebekers en vele meer.

JEUGSKOU :

21 - 25 Februarie:

R30

Maandag- Teken/ Kuns

Kuns:

GR:	TEMA	Benodighede wat leerders moet saambring:
R	Huisie	Vetkryt
1	Myself	Vetkryt
2	Blomme	Vetkryt
3	Vissie	Vetkryt
4	Hond	Pastelle
5	Kat	Pastelle
6	Voël	Pastelle
7	Perd	Houtskool
SKOOL VERSKAF PAPIER AAN AL DIE LEERDERS		

Dinsdag- Blommerangskikking of Bou met rommel.

Afdelings:Blommerangskikking

Gr. R-3	Bring self wat hy/sy benodig
Gr. 4+5	Bring self wat hy/sy benodig
Gr. 6+7	Bring self wat hy/sy benodig

Afdelings:Bou met rommel

Gr. R-3	Bou ‘n robot
Gr. 4+5	Bou ‘n robot waarvan ledemate kan buig
Gr. 6+7	Bou ‘n robot wat kan beweeg
Bring alles wat jy gaan benodig. Jou beplanning ook.	

Woensdag- Bak en Brou

Gr. R+1	Versier kolwyntjies	Bring niks
Gr. 2+3	Versier hansworshorinkie	Bring niks
Gr. 4+5	Ontbytskinkbord	Bring plaatkoekies, versiering, vulsel en alle artikels vir aanbieding.
Gr. 6+7	Maak 3 verskillende groente of vrugte insekte.	Bring alle benodighede saam. Jy mag op Pinterest gaan kyk vir oulike idees.



…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Krause Familie (Mara se afsterwe)

Jakkies Opwaarts Sentrum hou op Maandag **14 Februarie** 2022 'n **Valentynsdag** verkoping tydens **1ste pouse** op die stoep voor die Saal.

Kom ondersteun ons asseblief en kom koop ietsie vir die **Liefde** in jou lewe, spesiale **Vriend**, **Pappa** of **Mamma** en selfs ietsie vir jou **Juffrou**.

Ons het oulike **sakpas** geskenkies, lekkernye, koffiebekers en nog vele meer…

Datum:
SATERDAG
5 MAART 2022
Program
Hek open 18:00
Dans begin 19:00
LESLIE CARBUTT
KALAHARI KAKTUS
JACOBSDAL
PRIMÊRE SKOOL
HOU 'N LEKKER DANS
Navrae Linette 084 550 0606
R100pp volwassene
R50pp onder 13
R1 100 tafel van 10
Lokaal:
Bella Cardi Wedding Venue,
8km buite Kby op N12
Kontantkroeg | Kosstalletjies | Geen eie drank word toegelaat nie
Bella Cardi
Wedding Venue
ICONIC marketing

Gr.7'S SE SOKKIE EN SPELETJIESAAND!
MAANDAG - 14 FEB IN DIE SAAL!
17:00 - 18:00 - SPELETJIES (GR.1 - 7)
18:15 - 19:00 - SOKKIE (GR.1 - 7)
19:00 -19:45 -SOKKIE (GAAN VOORT NET VIR GR.4-7)
TOEGANG: R5
R2 PER SPELETJIE
Snoepie
Koeldrank -R10
Float met roomys - R15
Wafel met roomys - R10
Popcorn - R12
My Valentyn